# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

11 Februarie 2025

## OMSENDBRIEF 02/2025

### KENNISGEWING OMTRENT DIE BYBELKENNISEKSAMEN

**Aan alle saakgelastigdes, ouderlingerade en verbondsonderrighoofde**

Ons is dankbaar om te verneem dat daar groot belangstelling is in die nuwe boek *Tussen doop en nagmaal* gesien die baie bestellings wat by *Die Boekwinkel* daarvoor ontvang word. Ons is bewus van verskeie gemeentes wat reeds begin het om dit vir Graad 10 en 11 te gebruik volgens die 60 lesse wat oor twee jaar strek, terwyl daar ook gemeentes is wat vir 2025 steeds die ou *Leer en Bely* handboek gebruik. Dit het by talle gemeentes vrae laat ontstaan oor die bestek vir die Bybelkenniseksamen wat voorberei moet word. Die Kommissie vir Verbondsjeug (KJV) het derhalwe beraadslaag en die volgende besluite geneem:

1. Die Graad 10 groep wat hierdie jaar met *Tussen doop en nagmaal* begin het, sal die eerste nege lesse van die nuwe handboek as deel van hulle bestek vir die Bybelkenniseksamen moet voorberei.

2. Vir die Graad 11 groep sal daar 2 vraestelle voorberei word om die verskillende handboeke wat tans nog gebruik word in ag te neem:

2.1 **Graad 11 Vraestel 1** sal wees vir die Graad 11 groepe wat hierdie jaar nog *Leer en Bely* gebruik. Die eerste nege lesse daarvan sal hulle as bestek vir die Bybelkenniseksamen moet voorberei.

2.2 **Graad 11 Vraestel 2** sal wees vir die Graad 11 groepe wat reeds met *Tussen doop en nagmaal* begin het. Hulle moet net soos die Graad 10 groep die eerste nege lesse voorberei as bestek vir hulle Bybelkenniseksamen.

Die Skrifgedeeltes uit die Ou en Nuwe Testament sal vir albei vraestelle van Graad 11 dieselfde wees.

Ons vertrou dat dit vir beide die opstellers van die Bybelkenniseksamen sowel as die leerders van die eksamenbestek, die mees praktiese oplossing in die oorgangstyd bied en ook die minste ontwrigtend sal wees.

Groete in Christus

**Ds. Adriaan Appelgryn**
**Voorsitter**
**Kommissie vir Verbondsjeug**